

Die Groot Bevel

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B119b

Skriflesing uit Matt.28:1-20

Kernvers: 19 – ‘Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.’

Hierdie groot en wonderlike hoofstuk is seker vir die meeste van u baie bekend. Hier sien ons die vroue wat na die graf toe gegaan het om die Here Jesus se liggaam te gaan versorg en te balsem en sodoende die laaste eer aan Hom te bewys.

Maar toe hulle daar kom was die graf leeg en ‘n engel sit daar op die steen wat weggerol is. Daar was n aardbewing wat die plek geskud het toe Jesus opgestaan het. Die engel het daar gesit as bewys dat Jesus die oorwinning oor die dood, sonde en siekte en die duiwel volbring het!

Die feit dat Jesus lewe beteken dat elkeen wat Hom aangeneem het nooit sal sterwe nie. Toe Hy later voor Sy dissipels gestaan het kon Hy vir hulle sê: ‘Alle mag is aan My gegee in die Hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Hier is iets groots wat ons sal moet regstel in ons getuienis. Daar is bewyse uit die geskiedenis dat diegene wat gedoen het wat die Here beveel het, hulle nie net bekeer het nie maar ook laat doop het ook die belofte van die Vader ontvang het nl. Die gawe van die Heilige Gees. En hulle is bekragtig om die volle waarheid van die Evangelie uit te dra met die tekens wat daarop gevolg het.

As daardie eerste dissipels nie die krag van die Heilige Gees in hul lewens openbaar het nie dan het ons nie vandag geweet van Jesus Christus nie!